


SANCA
STABILIS
your choice for a new beginning
1229 Haarhoff Street East, Môregloed Pretoria
Practice Nr: 0043494; NPO: 182-968
E-mail: reception@stabilistc.co.za
www.stabilis.org.za
Tel. 012 333 7702

# MEDIAVERKLARING OP 13 NOVEMBER 2026

**Stabilis Behandelingsentrum staak bedrywighede op 30 November 2026**

Die Beheerraad van Stabilis Behandelingsentrun het ná deeglike oorweging van die sentrum se finansiële posisie besluit om die sentrum se bedrywighede op **30 November 2026** te staak.

Ons neem hierdie besluit met groot hartseer. Vir pasiënte en hul naastes bring die sluiting onsekerheid oor voortgesette sorg. Vir personeellede en hul gesinne raak dit hul lewensbestaan. Vir die breër gemeenskap beteken dit die verlies van ’n diens waarop mense oor baie jare in moeilike omstandighede gesteun het.

**Voortgesette sorg vir pasiënte**

Die sorg en welstand van pasiënte bly gedurende die sluitingsproses ’n prioriteit. Stabilis sal tot en met 30 November professionele sorg aan pasiënte in die sentrum bied. Waar behandeling ná dié datum nodig is, ondersoek die sentrum toepaslike opsies vir voortgesette sorg. Stabilis tref ook reëlings om pasiënte wat tans nasorg ontvang, na toepaslike diensverskaffers te verwys. Individuele sorgreëlings word vertroulik met die betrokke pasiënte bespreek.

**Personeel**

Die Beheerraad besef hoe ingrypend die sluiting vir personeellede en hul gesinne is. Stabilis konsulteer met die betrokke vakbond oor die gevolge van die sluiting vir werknemers, met inbegrip van moontlike skeidingsreëlings. Stabilis ondersoek ook saam met die vakbond en ander instellings moontlike werksgeleenthede vir personeellede.

**Waarom die sentrum sluit**

’n Afname in die aantal betalende pasiënte en die verlies van die staatsubsidie vir die 2026/2027-boekjaar het bygedra tot ’n volgehoue tekort aan inkomste om bedryfskoste te dek. Stabilis het kostebesparings ingestel, sy diensaanbod aangepas en alternatiewe maniere ondersoek om dienste te lewer en inkomste te genereer. Die SKDBM het administratiewe ondersteuning en tydelike finansiële hulp gebied.

Die sentrum se reserwes is uitgeput, en die finansiële vooruitskattings toon dat die beskikbare middele onvoldoende is om die bedrywighede voort te sit.

Die Stabilis Beheerraad het die moontlikheid van sluiting op 14 Oktober 2026 bespreek en die saak ingevolge die sentrum se konstitusie aan die SKDBM voorgelê. Die SKDBM-direksie het op 27 Oktober 2026 die vereiste toestemming verleen indien die Beheerraad sou besluit om die sentrum te sluit. Die Stabilis Beheerraad het op 29 Oktober 2026 die besluit geneem om die bedrywighede te staak. Relevante regulerende organisasies is ook vir advies genader.

Stabilis en die SKDBM is afsonderlike regsentiteite, elk met sy eie bestuur en verantwoordelikhede.

**Dank aan pasiënte, personeel en die gemeenskap**

Stabilis het oor baie jare mense met substansgebruiksprobleme en hul naastes ondersteun. Ons bedank die pasiënte en families wat hul vertroue in die sentrum gestel het, die personeel wat hulle met toewyding bygestaan het, en die gemeenskap wat dié werk moontlik gemaak het. In die oorblywende tyd is ons verantwoordelikheid om pasiënte deur die oorgang in hul sorg by te staan en personeellede met deernis en respek te behandel.

Namens die Beheerraad

**Danie Janse van Rensburg**

Voorsitter van die Beheerraad van Stabilis

Danievr1705@gmail.com